

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT
GRAAD		12
DATUM		MEI/JUNIE 2026
VAK		GESKIEDENIS
VRAESTEL		2
PUNTETOTAAL		150
TYDSDUUR (UUR)		3
AANTAL BLADSYE		14
ADDENDUM		



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



AFDELING A

VRAAG 1: MET WATTER POLITIEKE UITDAGINGS MOES PW BOTHA SE REGERING IN SUID-AFRIKA WORSTEL GEDURENDE DIE 1980's?

BRON 1A

Die onderstaande bron is 'n artikel van die boek: *The Heart of Hope: South Africa's Transition from Apartheid to Democracy* deur Padraig O'Malley. Dit verduidelik die rede agter die ontstaan van die Konserwatiewe Party in Suid-Afrika en is gepubliseer deur die Nelson Mandela-stigting.

Teen 1981 was dit duidelik dat die interpretasie wat die Nasionale Party (NP) aan die 1977-grondwetlike besluite gegee het, grammatikaal verskil het van dié van die party se regses. Teen hierdie tyd het 'n kerngroep ultra-regses, wat hulle by Treurnicht geskaar het, duidelik identifiseerbaar geword. Hierdie groep het geheime vergaderings gehou om sy posisie binne die party te konsolideer. Die gebeurtenis wat tot die grootste skeuring in die Nasionale Party in byna 'n halwe eeu gelei het, was 'n artikel in die Februarie 1982-uitgawe van een van die party se spreekbuise, *Nat80*, waarin gestel is dat 'n staat net een regering kon hê. Treurnicht het hierdie siening aangeval deur te sê dat dit 'n gemengde regering met kleurling- en Indiër-ministers impliseer. PW Botha het die artikel verdedig en sy idee van 'magsdeling' as 'n politieke oplossing verder uiteengesit – die eerste keer dat 'n NP-politikus hierdie konsep in die konteks van die party se grondwetlike beleid verduidelik het.

By 'n parlementêre koudusvergadering op 24 Februarie 1982 is 'n mosie aanvaar wat PW Botha as leier en sy interpretasie van 'gesonde magsdeling' ondersteun het. Toe die stemme getel is, het dit geblyk dat 22 lede van die koudus, 20 uit Transvaal en twee uit die Kaap, die mosie teengestaan het. Die posisie van die afvalliges het daarna onuithoudbaar geword. Treurnicht het gehoop dat hy die leierskap van die NP in Transvaal kon behou. Dit sou moontlik gewees het omdat die NP 'n federale struktuur gehad het en elke provinsie dus onafhanklik funksioneer het. Maar op 27 Februarie 1982 is 'n noodvergadering van die Transvaalse uitvoerende komitee van die NP gehou en Botha se standpunt is herbevestig.

Treurnicht en sy enigste ondersteuner in die NP-kabinet, dr. Ferdi Hartzenberg, het op 1 Maart 1982 hul setels bedank.

[Bron: *The Heart of Hope: South Africa's Transition from Apartheid to Democracy* by Padraig O'Malley. Verkry op 12 Desember 2024]



BRON 1B

Die onderstaande bron is 'n uittreksel uit 'n artikel: 'Total Strategy Reforms: Labour – Workers Unite', gepubliseer in 2004. Dit verduidelik die ontstaan van COSATU as gevolg van Botha se hervormings in die 1980's.

As deel van Botha se hervormingsbeleid het hy in 'n aantal gebiede toegewings gemaak. Hy het gehoop dat baie swart mense deur hierdie sogenaamde hervormings afgekoop en tevrede gestel sou word. Op hierdie manier sou weerstand afneem en blankes sou die mag kon behou.

Onder die sambreel van hervorming het die regering in 1979 swart vakbonde erken. Tot op daardie stadium was swart vakbonde wel wettig, maar hulle is nie toegelaat om met werkgewers oor lone en werksomstandighede te onderhandel nie.

Waarom het die regering swart vakbonde op hierdie tydstip erken? Aan die een kant was dit deel van PW Botha se hervormingstrategie. Maar die regering is ook gedwing om te reageer op die groeiende militansie onder werkers. In 1973 het byna 60 000 werkers 'n stakingsgolf in Durban begin as reaksie op 'n skerp styging in voedselpryse. Die Durban-stakings was 'n belangrike keerpunt in die geskiedenis van swart vakbonde. Aangemoedig deur die stakings het al hoe meer swart vakbonde ontstaan en werkers begin organiseer.

Die erkenning van swart vakbonde in 1979 het dit vir hulle makliker gemaak om te funksioneer. Hulle het besef dat hulle meer mag sou hê as hulle saamwerk. Dit het gelei tot die stigting van die Federasie van Suid-Afrikaanse Vakbonde (FOSATU) en ander sambreelliggame. FOSATU het die beginsel van nie-rassigheid ondersteun en geglo dat alle werkers moet verenig en saam veg vir beter werksomstandighede.

Die strewe na eenheid het voortgeduur en in 1985 het FOSATU met ander vakbonde saamgesmelt om 'n nuwe federasie te vorm – die Kongres van Suid-Afrikaanse Vakbonde (COSATU). COSATU, met byna 'n halfmiljoen lede, was die grootste vakbondorganisasie wat nog ooit in Suid-Afrika gestig is.

[Bron: <https://www.apartheidmuseum.org>. Verkry op 16 Desember 2024]



BRON 1C

Die onderstaande bron is 'n uittreksel van 'n artikel, 'The End of Conscription Campaign 1983–1988 A Study of Extra-Parliamentary Opposition to Apartheid' deur Merran Willis Phillips. Dit is gepubliseer in 2002 deur die Universiteit van Suid-Afrika. Dit fokus waarom die liberale wittes nie gemaklik was met militêre diensplig in Suid-Afrika gedurende die 1980's nie.

Elemente binne die wit gemeenskap het begin om hul ontevredenheid oor die staat se dienspligvereistes te toon deur hul arbeid te weerhou. Sommige het daarop gereageer deur ontduiking. Nie-registrasie en nie-aanmelding was in die 1980's die rede vir onderskeidelik sowat 3 904 en 4 622 gevalle. Miskien was die algemeenste vorm van verzet die versuim om die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) van adresveranderings in kennis te stel. Omdat die bewyslas by die SAW gelê het om te bewys dat 'n dienspligtige sy oproepbevel ontvang het voordat hy vervolg kon word vir nie-diensplig, het dit baie min risiko ingehou. Daar was ook 'n toename van ongeveer 8 000 aansoeke om vrystelling tussen 1974 en 1978, wat daartoe gelei het dat die SAW 'n riglyn uitgereik het dat die vrystellingsraad sy voorwaardes moet verskerp. Skoolverlaters wat vir paspoorte aansoek gedoen het, moes die magtiging van die SAW verkry, dié wat hul Suid-Afrikaanse burgerskap prysgegee het, moes nou dokumentêre bewys lewer dat hulle die land verlaat, en die SAW het 'n omkoopskema ontdek wat ontwerp is om diensplig te ontduik. Stygende wit emigrasiesyfers was verdere bewys van verzet teen diensplig.

Swaarder dienspligvereistes het ook die moraal van dié wat steeds gedien het, ondermyn. Onder dienspligtiges het die SAW 'n toename in sogenaamde 'welsynsgevalle' opgemerk, wat sosiale, ekonomiese en sielkundige probleme by troepe ingesluit het. Die aard van die konflik het beteken dat teeninsurgensie-eenhede veral voortdurend vir kampe benodig is, wat gelei het tot klagtes oor ongelyke diens. Daarbenewens het mannekragbehoefte soms veroorsaak dat eenhede drie maande kampe gedoen het in plaas van die voorgeskrewe 30 dae, aangesien die Minister van Verdediging, Generaal Magnus Malan, beweer het dat indien volle krediet toegeken sou word, die effektiewe troepensterkte so vinnig sou afneem dat die SAW nie in staat sou wees om verdedigingspligte na te kom nie. Talle briewe aan die SAW wat spesifieke individue of groepe as dienspligontduikers uitgewys het, was dus nie net bewys van persoonlike wraaksug en xenofobie nie, maar ook van 'n groeiende gevoel dat diensplig 'n las was, en woede wanneer dit voorgekom het dat dit onregverdig gedeel is.

[Bron: bbc.co.uk. Verkry op 12 November 2024]



BRON 1D

Die bron hieronder deur Etta Hulme, is getiteld 'Both Depends on Apartheid'. Dit het verskyn in die *Fort Worth Star Telegram* op 5 Oktober 1986. Dit wys 'n man agter 'n lessenaar wat met 'n ander man praat wat 'n vullissak vashou getiteld 'Apartheid'.

"BOTH DEPENDS ON APARTHEID"



OCTOBER 5, 1986

[Bron: Etta Hulme @1986, Fort Worth Star – Telegram. Verkry op 22 Desember 2024]

**“ALBEI HANG AF
VAN APARTHEID”**

**“VUILGOED-
AFHANKLIKHEID KAN
BEHANDEL WORD,
MNR. BOTHA – MAAR JY
MOET EERS ERKEN DAT
JY 'N PROBLEEM HET”**



VRAAG 2: WAS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL IN HUL HANTERING VAN DIE SLUIPMOORDSAAK OP MLUNGISI GRIFFITHS MXENGE?

BRON 2A

Die onderstaande bron is 'n uittreksel, 'Griffiths Mxenge', wat in Augustus 2017 deur Wikipedia gepubliseer is. Dit verduidelik hoekom en hoe Mxenge vermoor is.

Griffiths Mlungisi Mxenge is gebore in KwaRayi, 'n landelike nedersetting buite King William's Town, Oos-Kaap. Hy was 'n siviele regte-prokureur, lid van die African National Congress (ANC) en 'n Suid-Afrikaanse anti-apartheidsaktivis.

In 1981 is Mxenge vermoor deur die apartheidsdoodsbrigade, gelei deur Dirk Coetzee, in die Umlazi-dorpsgebied suid van Durban. Hy is ontvoer voordat die doodsbrigade hom 45 keer gestee, met 'n hamer geslaan en sy keel afgesny het. Sy lyk is naby 'n sokkerveld in Umlazi gevind. Vier jaar ná die moord op haar man is Victoria Mxenge voor haar kinders by hulle huis in Umlazi, Durban, doodgeskiet.

In 1989 het Butana Almond Nofomela, 'n voormalige lid van Dirk Coetzee se moordbende, sy betrokkenheid by Mxenge se moord bely, ure voordat hy vir 'n onverwante nie-politieke moord tereggestel moes word. Coetzee het later Nofomela se verhaal bevestig. Op 4 November 1996 het Coetzee, 'n voormalige Vlakplaas-bevelvoerder, getuig oor sy betrokkenheid by die moord op Griffiths Mxenge. Hy het ook om amnestie aansoek gedoen by die Waarheid-en-versoeningskommissie. Ondanks protes van die Mxenge-familie is Coetzee amnestie toegestaan.

Nofomela, wat 'n uitstel van teregstelling in 'n onverwante moordsaak toegestaan is, se doodsvonnis is later na lewenslange tronkstraf verander. Hy is in September 2009 op parool vrygelaat.

[Bron: <http://en.wikipedia.org/wiki/griffiths-mxenge>. Verkry op 26 Desember 2024]



BRON 2B

Die onderstaande stelling is deur die amnestiekomitee van die WVK uitgereik. Dit fokus op die redes waarom amnestie verleen is aan Dirk Coetzee, Almond Nofomela and David Tshikalange vir die moord op Griffiths Mxenge.

Die Amnestiekomitee van die Waarheid-en-versoeningskommissie het vandag amnestie aan Dirk Coetzee, David Tshikalange en Butana Almond Nofomela toegestaan ten opsigte van die moord op die Durbanse prokureur, mnr. Griffiths Mxenge, in November 1981. Die Komitee het gesê hoewel daar 'twyfel' kan bestaan oor die identiteit van diegene wat Coetzee beveel of aangeraai het om Mxenge dood te maak, is daar geen twyfel dat Coetzee op 'die advies', of bevel van een of meer senior lede van die Suid-Afrikaanse Polisie se Veiligheidstak opgetree het nie.

Die Komitee het sy 'sterk afkeur' van die optrede van die polisie op rekord geplaas om 'die sluipmoord op 'n prokureur te reël wat nie meer as sy plig gedoen het om voldoende verteenwoordiging te verskaf vir persone wat kriminele aanklagte in die gesig staar nie'. In sy bevindings het die Komitee gesê: "Op grond van die getuienis voor ons is ons tevrede dat nie een van die applikante die oorledene, Mxenge, geken het of enige rede gehad het om sy dood te wil bewerkstellig voordat hulle beveel is om dit te doen nie. Ons is tevrede dat hulle gedoen het wat hulle gedoen het omdat hulle dit as hul plig beskou het as polisiemanne wat betrokke was by die stryd teen die ANC en ander bevrydingsbewegings".

"Dit is, dink ons, duidelik dat hulle op hul meerderes staatgemaak het om die vraag akkuraat en regverdig te oorweeg of die sluipmoord nodig was en of ander stappe geneem kon word ... Die drie amnestie-aansoekers is tydens 'n verhoor in Durban skuldig bevind aan mnr. Mxenge se moord nadat hul amnestie-aansoek aangehoor is. As gevolg van die toestaan van amnestie, sal dit nie nodig wees vir die verhoorhof om voort te gaan met die kwessie van vonnis nie".

[Bron: www.info.gov.za/speeches/1997/08050w13297.html. Verkry op 26 Desember 2024]



BRON 2C

Die onderstaande bron is 'n spotprent deur Zapiro getiteld: 'Dirk Coetzee Fire'. Dit is op 11 Maart 2013 gepubliseer deur Zanews. Die spotprent verwys grappig na wat gebeur het met Dirk Coetzee toe hy op 7 Maart 2013 dood is.



[Bron: <https://Saha.org.za>. Verkry op 28 Desember 2024]

**AH, MNR. DIRK
COETZEE!
WAT 'N RESUMÉ!
...ONS SIEN UIT NA JOU
KUNDIGE OPINIE! ...**

BETER EN BETER

**HY HET NOOIT OM
VERSKONING GEVRA
NIE!**

**VURE
VAN HEL
ONTVANGSAREA**

**D. COETZEE
VERBRAND LIGGAME
BY BRAAI**

**MARTEL
MASSAMOORDENAAR**



BRON 2D

Die onderstaande bron is 'n artikel van *The Daily Maverick*-koerant getiteld, 'Defend Truth: Griffiths Mxenge' deur Victoria O'Regan, gepubliseer op 13 Mei 2024.

Lamola het Dinsdag ook aangekondig dat die geregtelike doodsondersoek na die dood van die anti-apartheidsaktivis en UDF- en ANC-lede Mxenge en die burgerlike leier Mantyi geopen sal word.

Mxenge is op 19 November 1981 dood op 'n sportveld in Umlazi, KwaZulu-Natal, aangetref.

"In die nasleep van sy dood het 'n geregtelike doodsondersoek in 1983, wat onder die apartheidsregime uitgevoer is, nie daarin geslaag om die oortreders te identifiseer nie, ten spyte van duidelike tekens van vuilspel – insluitend bewyse van waarneming van Mxenge se kantoor en die vergiftiging van sy honde", het Phiri gesê.

Hy het gesê "n deeglike ondersoek is nie gedoen" na Mxenge se dood nie.

Die Harms-kommissie en die Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK) het later onthul dat bevele om Mxenge dood te maak van Vlakplaas – die geheime apartheidspolisie-eenheid onder leiding van Dirk Coetzee – gekom het. Coetzee en sy medepligtiges is amnestie toegestaan vir Mxenge se moord.

"Daar is nuwe bewyse dat sekere kritieke inligting nie aan die WVK en die aanvanklike geregtelike doodsondersoek voorgelê is nie – hoewel die oortreders duidelik geïdentifiseer is. Minister Lamola aanvaar dat dit nodig en in belang van geregtigheid is om die regterpresident van die Hooggeregshof in die KwaZulu-Natal-afdeling te nader om die geregtelike doodsondersoek na die dood van Mxenge te heropen", het Phiri gesê.

[Bron: *The Daily Maverick*. 13 May 2024. Verkry op 26 Desember 2024]



VRAAG 3: HOE BEÏNVLOED VOEDSELSEKERHEID EN VOEDING DIE GEGLOBALISEERDE WÊRELD IN DIE 21^{STE} EEU?

BRON 3A

Die onderstaande bron is 'n uittreksel van 'n artikel: 'Food Security', gepubliseer deur Food Security Information Network (FSIN) op 24 Desember 2024. Dit verduidelik die betekenis van voedselsekerheid.

Voedselsekerheid is die toestand van betroubare voedseltoegang tot 'n voldoende hoeveelheid bekostigbare, voedsame voedsel. Die beskikbaarheid van voedsel vir enige klas en staat, geslag of godsdiens is 'n ander element van voedselsekerheid wat bestaan wanneer al die lede van 'n gesin te alle tye toegang het tot genoeg kos vir 'n aktiewe, gesonde lewe. Mense wat voedselsekerheid het, leef nie in hongersnood of vrees vir hongersnood nie. Voedselsekerheid sluit veerkragtigheid teen toekomstige ontwrigting van voedselvoorsiening in. So 'n ontwrigting kan voorkom as gevolg van verskeie risikofaktore soos droogtes en vloede, skeepvaartonderbrekings, brandstoftekorte, ekonomiese onstabielheid en oorloë. Voedselonsekerheid is die teenoorgestelde van voedselsekerheid: 'n toestand waar daar slegs beperkte of onseker beskikbaarheid van geskikte voedsel is.

Die konsep van voedselsekerheid het mettertyd ontwikkel. Die vier pilare van voedselsekerheid sluit beskikbaarheid, toegang, benutting en stabiliteit in. Daarby is daar nog twee dimensies wat belangrik is: dringendheid en volhoubaarheid. Hierdie ses dimensies van voedselsekerheid word versterk in konseptuele en wetlike begrippe van die reg op voedsel. Die Wêreldvoedselberaad in 1996 het verklaar dat 'voedsel nie as 'n instrument vir politieke en ekonomiese druk gebruik moet word nie'.

Daar is baie oorsake van voedselonsekerheid. Die belangrikste is hoë voedselpreise en ontwrigtings in wêreldwye voedselvoorrade, byvoorbeeld as gevolg van oorlog. Daar is ook klimaatsverandering, waterskaarste, grondagteruitgang, landbousiektes, pandemies en siekte-uitbrekings wat almal tot voedselonsekerheid kan lei.

[Bron: <https://en.wikipedia.org/wiki/food-security>. Verkry op 26 Desember 2024]



BRON 3B

Die onderstaande bron is 'n verslag oor die Globale Voedselsekerheidsberaad wat op 20 November 2023 plaasgevind het. Dit fokus op die verergerende voedselsekerheidskrisis en pogings van wêreldleiers om wêreldhonger te beëindig.

Die Verenigde Koninkryk (VK) sal op 20 November 2023 die Globale Voedselsekerheidsberaad (Global Food Security Summit) aanbied, waar toonaangewende kundiges bymekaarkom om 'die oorsake van voedselonsekerheid en wanvoeding aan te pak, insluitend deur die nuutste VK-befondsde wetenskap en tegnologie' en dit kan nie op 'n meer deurslaggewende tyd gebeur nie. In die Verenigde Koninkryk en in die buiteland neem voedselonsekerheid toe.

In 2022 was daar 4,7 miljoen mense, of 7% van die Britse bevolking, in voedselarmoede. Op die oomblik is een uit elke 10 mense op aarde onseker waar hul volgende maaltyd vandaan sal kom en 'n geskatte 345 miljoen mense staar akute honger en hongersnood in die gesig, 'n styging van 119% sedert 2019.

Tog kan minder as 12% van die VK se militêre begroting honger wêreldwyd vir 'n jaar beëindig.

Terwyl die Wêreldvoedselprogram (WFP) in 2022 'n rekord van 14 miljard dollar kon insamel, was dit steeds veel minder as die 40 miljard dollar wat dit jaarliks nodig het om die verhongerdes van die wêreld te voed.

As die afgelope jaar ons iets gewys het, is dit dat 'n skoenlapper se vlerke wat aan die een kant van die wêreld klap, honger aan die ander kant van die wêreld kan aandryf.

Die grootste faktor wat honger dryf is konflik. 70% van die wêreld se honger mense woon in gebiede wat konflik en geweld ervaar. Putin se inval in die Oekraïne in 2022 het 'n rimpel-effek (domino-effek) regoor die wêreld veroorsaak, wat die pryse van koring, graan en kunsmis verhoog het, aangesien die voortslepende oorlog toegang tot hierdie noodsaaklike voedselproduserende noodsaaklikhede vir die res van die wêreld beperk of heeltemal ontwig het.

Die klimaatskrisis is die tweede grootste dryfveer van honger ter wêreld, wat mense se vermoë om hulself en hul gesinne te voed ondermyn (verminder) deur die vernietiging van lewens, gewasse en lewensbestaan.

Die Globale Voedselsekerheidsberaad sal teen hierdie agtergrond in Londen plaasvind en sal fokus op nuwe benaderings om voorkombare sterftes van kinders aan te pak, klimaatbestande (sterk) en volhoubare (hernubare) voedselstelsels te bou, vroeë optrede te ondersteun om die impak van humanitêre krisisse te voorkom en te verminder, en die gebruik van wetenskap en tegnologie om voedselsekerheid vir mense in die lande wat die swaarste getref word, 'n hupstoot te gee.

[Bron: <https://www.globalcitizen.org/en/content/uk-global-food-summit-world-hunger>. Verkry op 28 Desember 2024]



BRON 3C

Die onderstaande bron is geneem uit 'n artikel getiteld: 'Food Security Update/World Bank Solutions to Food Insecurity' en opgedateer op 16 Desember 2024. Dit verduidelik hoe die Wêreldbank voedselonsekerheid aanspreek.

Ons voedsel- en voedingsekerheidsportefeulje strek nou oor 90 lande. Dit sluit beide korttermynintervensies soos die uitbreiding van maatskaplike beskerming, ook langtermynveerkragtigheid soos die bevordering van produktiwiteit en klimaatslim landbou in. Die Bank se ingrypings sal na verwagting 296 miljoen mense bevoordeel ...

In Mei 2022 het die Wêreldbankgroep en die G7-presidensie saam die Globale Alliansie vir Voedselsekerheid (GAFS) byeengeroep, wat daarop gemik is om 'n onmiddellike en gesamentlike reaksie op die ontvouende wêreldwye hongerkrisis te kataliseer (om 'n proses te bespoedig). Die Alliansie het die openbare toeganklike Global Food and Nutrition Security Dashboard ontwikkel, wat tydige inligting verskaf vir globale en plaaslike besluitnemers om die koördinerende van die beleid en finansiële reaksie op die voedselkrisis te verbeter.


Die hoofde van die Voedsel en Landbou Organisasie (FAO), Internasionale Monetêre Fonds (IMF), Wêreldbankgroep, Wêreld Voedselprogram (WFP) en die Wêreld Handelsorganisasie (WHO) het op 8 Februarie 2023 'n Derde Gesamentlike Verklaring uitgereik. Die verklaring vra dat 'n verergering van die voedsel- en voedingsekerheidskrisis voorkom word, verdere dringende aksies is nodig om (i) hongerbrandpunte te red, (ii) handel te fasiliteer, die funksionering van markte te verbeter en die rol van die private sektor te verbeter, en (iii) skadelike subsidies te hervorm en te hergebruik met noukeurige teikens en doeltreffendheid. Lande moet korttermyn dringende ingrypings balanseer met langtermyn veerkragtigheidspogings terwyl hulle op die krisis reageer.

[Bron: www.worldbank.org. Verkry op 28 Desember 2024]



BRON 3D

Die onderstaande bron is 'n grafiek geneem van 'n artikel deur Jahati Ghosh en Subrahmanyam Chandrasekhan getiteld 'Hunger Again' wat in Februarie 2021 gepubliseer is. Die artikel wys hoe voedselonsekerheid versprei is oor die wêreld.





ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

- Jahati Ghosh and Subrahmanyam Chandrasekhan, *Hunger Again* (2021)
- Etta Hulme @1986 Fort Worth Star – Telegram
- Phillips M.W., *The end of Conscription Campaign 1983–1988: A study of extra-parliamentary opposition to apartheid* p. 5, UNISA 2002.
- <https://www.apartheidmuseum.org>
- <https://www.globalcitizen.org/en/content/uk-global-food-summit-world-hunger>
- [http://en.wikipedia.org/wiki.griffith-mxenge](http://en.wikipedia.org/wiki/griffith-mxenge)
- [https://en.wikipedia.org/wiki.food-security](https://en.wikipedia.org/wiki/food-security)
- <https://Saha.org.za>
- *The Daily Maverick*. 13 Mei 2024.
- Padriag O'Malley, *The Heart of Hope: South Africa's Transition from Apartheid to Democracy*, 30 November 2004.
- www.worldbank.org
- www.info.gov.za/speeches/1997/08050w13297.html